



**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE
GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP MAANDAG, 23 NOVEMBER 2020 OM 10:00**

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, raadsheer T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, raadsdame M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Raadsheer R F van der Westhuizen
Raadsdame M van Zyl

Ander raadslede:

Die Speaker, rdl M A Rangasamy

Beampes:

Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdh R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Geen verskonings is ontvang nie.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

3.1 DIENSVERSKAFFER VAN DIE JAAR: FAIR CAPE DAIRIES

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann, deur Fair Cape Dairies aangewys is as een van hul Diensverskaffer van die Jaar.

Die Uitvoerende Burgemeester noem dat dit 'n groot prestasie is, ook vir die Munisipaliteit, en wens mnr Zikmann hartlik geluk.

KENNIS GENEEM van die oorhandiging van die sertifikaat toegeken deur Fair Cape Dairies aan mnr L D Zikmann as een van hul Diensverskaffers van die Jaar.

4. NOTULES

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-
VERGADERING GEHOU OP 14 OKTOBER 2020**

4.1/...

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 14 Oktober 2020 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

5. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

Geen

6. NUWE SAKE**6.1 SWARTLAND EKONOMIESE HERSTELPLAN (2/1/4/4/1)**

Die Swartland Ekonomiese Herstelplan dien as 'n hulpmiddel om effektief te reageer op die impak van die Covid-19 pandemie. Die herstelplan bevat aksieplanne om die ekonomie in die Swartland munisipale gebied te herstel en om volhoubare, weerbare en inklusiewe ekonomiese groei te bewerkstellig.

Die Munisipale Bestuurder noem dat dit 'n werksdokument is en dat enige voorstelle tot toevoegings en wysigings verwelkom sal word. Die Munisipale Bestuurder noem verder dat die dokument 'n samevatting van verskeie nasionale en provinsiale dokumente is, sowel as insette deur mnr Deon van der Westhuizen.

BESLUIT

- (a) Dat die Swartland Ekonomiese Herstelplan, soos gesirkuleer met die sakelys as as Aanhangel A, goedgekeur word.

6.2 SOSIALE BEHUISING: GOEDKEURING OM VENNOOTSKAPPE AAN TE GAAN MET SOSIALE BEHUISINGSINSTELLINGS EN OM VERWYSINGSRAAMWERKE OP TE STEL VIR DIE ONTWIKKELING EN BESTUUR VAN SOSIALE BEHUISINGSEENHEDE IN DIE SWARTLAND MUNISIPALE GEBIED (17/4/2/B)

Die Direkteur: Ontwikkelingsdienste noem dat gegewe die nuwe voorskrifte ten opsigte van die voorsiening van behuisingsgeleenthede, daar nie weer vir die afsienbare toekoms topstrukture gebou sal word nie. Die vestiging van sosiale behuisingseenhede skep 'n geleentheid vir lae- tot middelinkomste groepe om behuising te bekom.

Vir hierdie doeleindes is daar geakkrediteerde Sosiale Behuisingsinstellings om munisipaliteite by te staan om sosiale behuisingsgeleenthede te bevorder.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat daar vennootskappe aangegaan word met Sosiale Behuisingsinstellings/*Social Housing Institutions* (SHI's) en dat daar verwysingsraamwerke opgestel word ten einde op tender uit te gaan om voorstelle vanaf SHI-vennote te bekom om sosiale behuisingseenhede in die Swartland munisipale gebied te vestig en te bestuur;
- (b) Dat goedkeuring verleen word om met die suksesvolle SHI's te onderhandel en ooreenkomste/kontrakte aan te gaan na afloop van die verkrygingsprosesse;
- (c) Dat die uitvoering van die projekte daaraan onderhewig is dat addisionele fondse verkry word vanaf die Nasionale Departement van Menslike Nedersetting en die Sosiale Behuising Regulatoriese Owerheid/*Social Housing Regulatory Authority* (SHRA);
- (d) Dat sosiale behuisingsprojekte geïmplementeer word in die geïdentifiseerde areas waar daar voldoende grootmaatdienste beskikbaar is.

6.3/...

6.3 WITSKRIF INSAKE BRANDWEERDIENSTE: DEPARTEMENT VAN SAMEWERKENDE REGERING, KENNISGEWING 515 VAN 2020 (17/5/2/1)

Die Direkteur: Beskermingsdienste noem dat die Witskrif 'n voorloper is tot die hersiening van die Wet op Brandweerdienste, Wet 99 van 1987. Daar sal dus weer geleentheid wees vir kommentaar op die konsep wetgewing wanneer die Wet hersien sal word.

Die voorsitter spreek sy teleurstelling uit dat daar tot op datum nog nie uitsluitel is oor die verantwoordelikhede rondom die lewering van brandweerdienste tussen die Weskus Distrikmunisipaliteit en die Swartland Munisipaliteit nie.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die gepubliseerde Witskrif vir Brandweerdienste gedateer 25 September 2020;
- (b) Dat verder kennis geneem word dat die Nasionale Rampbestuursentrum met 'n proses 'n aanvang sal neem om 'n nuwe Brandweernet op te stel gebaseer op die beleidsraamwerk soos in die Witskrif uiteengesit en dat die nodige konsultasies met alle rolspelers landwyd sal plaasvind.

6.4 OOREENKOMSTE VIR DIE HUUR VAN KANTOORAKKOMMODASIE TE MALMESBURY (12/1/2-8/4, 12/1/2-8/5, K1/12-vol 1 & 3)

Die Raad huur kantoorryimte by drie liggings in Malmesbury vir doeleindes van kantoorakkommodasie en parkering, naamlik by die Pep-gebou, Santam-gebou, Checkers-gebou en -parkering.

Die aanduiding is dat die Nedbank- en Standard Bank-geboue wat onlangs deur die Raad aangekoop is eers teen 1 Julie 2022 operasioneel sal wees en is dit die voorneme om die raadslede (vanuit die Santam-gebou) en personeel (vanuit die Checkers-gebou) na vermelde kantore te verskuif. Daar is egter nie genoegsame kantoorryimte vir die personeel in die Pep-gebou nie.

BESLUIT

- (a) Dat goedkeuring verleen word vir die huur van die onderstaande kantoorakkommodasie vir die termyn soos aangetoon, met ingang vanaf 1 Julie 2021, ten bedrae soos volg (BTW uitgesluit);

	Pep-gebou	Santam-gebou	Checkers-gebou	Parkering
Jaar 1 (01/07/2021 - 30/06/2022)	R57 340.35	(slegs vir een jaar) R21 174.19	(slegs vir een jaar) R28 302.72	R2 831.07
Jaar 2 (01/07/2022 - 30/06/2023)	R60 780.77	n.v.t.	n.v.t.	R3 000.93
Jaar 3 (01/07/2023 - 30/06/2024)	R64 427.62	n.v.t.	n.v.t.	R3 180.99

- (b) Dat die Munisipale Bestuurder met volmag beklee word om die addenda tot die betrokke huurooreenkomste te onderteken;
- (c) Dat daar in die toepaslike bedryfsposte voorsiening gemaak sal word vir die huurgeld betaalbaar soos voormeld, asook vir die verpligtinge in terme van klousule 6.2 van die ooreenkomste.

6.5 HUUROOREENKOMS: MALMESBURY ROLBALKLUB (17/9/2/R)

Die Raad verhuur die Malmesbury Rolbalfasiliteite aan die Malmesbury Rolbalkklub op 'n jaar tot jaar basis. Die huurooreenkoms het op 30 Oktober 2020 verstryk.

Besluit/...

6.5/...

BESLUIT

- (a) Dat 'n verdere huurooreenkoms met die Malmesbury Rolbalklub (ten opsigte van die rolbalfasiliteite) aangegaan word vir die huur van die fasiliteite vir 'n verdere tydperk van 1 jaar, m.i.v. 1 November 2020;
- (b) Dat die huurgeld R120,00, plus BTW, per jaar sal beloop;
- (c) Dat die huurvoorwaardes wat tans geld, van krag sal bly.

6.6 HUUR VAN SPASIE: OMGEGA PIGEON RACING CLUB (17/9/2/R)

Die Raad verhuur 'n spasie (groot ± 50 m²) onder die Wesbank Gemeenskapsaal, Malmesbury aan die Omega Pigeon Racing Club. Die huurooreenkoms verstryk op 30 November 2020.

BESLUIT

- (a) Dat 'n nuwe huurooreenkoms met die Omega Pigeon Racing Club aangegaan word vir die huur van spasie (groot ± 50 m²) te Wesbank Gemeenskapsaal, Malmesbury, m.i.v. 1 Desember 2020;
- (b) Dat die huurtermyn nie 'n periode van twaalf (12) maande oorskrei nie wat jaarliks hernu kan word;
- (c) Dat huurgeld van R120,00 per jaar, plus BTW, gehef word.

6.7 GEBRUIK VAN MUNISIPALE GROND TE RIEBEEK-WES VIR KUNSUITSTALLING (12/2/R)

'n Aansoek is ontvang vanaf mnr Klaus Piprek van *Solo Studios* vir die gebruik van die voormalige skougronde te Riebeek-Wes vir 'n graffiti-kunsuitstalling. Die welbekende graffiti en straatkunstenaar, *Falko One*, is deur *Solo Studios* genader om sy kunswerke vas te lê op gedeeltes van die geboue op die voormalige skougronde.

Falko One was reeds betrokke by kunswerke in Riebeek-Wes as deel van die "Once upon a town"-projek en meer onlangs by die versiering van strukture by die verlate tennisbaan op Riebeek Kasteel.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word van die aansoek van *Solo Studios* rakende die gebruik van 'n gedeelte van die voormalige Riebeek-Wes skougronde vir 'n graffiti-kunsuitstalling tydens die *Solo Studios Intimate Art Encounters* wat vanaf 11 – 13 Desember 2020 sal plaasvind;
- (b) Dat daar kennis geneem word van die toestemming soos verleen, en voorwaardes soos bepaal deur die Administrasie in hierdie verband, en dit dienooreenkomstig gekondoneer word.

6.8 ONDERSTEUNING AAN DIE YZERFONTEIN TOERISME: YZERFONTEIN FEES (1 DESEMBER 2020 TOT 10 JANUARIE 2021) (10/1/R)

'n Aansoek om hulpverlening is ontvang vanaf die Yzerfontein Toerismeburo wat vir die sewende jaar die Yzerfontein-fees reël. Die fees sal plaasvind vanaf 1 Desember 2020 tot 10 Januarie 2021.

Die uitsluitlike doel van die fees is om toerisme-ontwikkeling te bevorder en nie om enige winste te maak nie.

Besluit/...

6.8/...

BESLUIT

- (a) Dat verhoogde dienslewering oor die vakansieseisoen aangepas word a.g.v. verhoogde besoekersgetalle en - waar nodig - addisionele personeel aan diens gebring moet word;
- (b) Dat, soos in die verlede, geen betaling gevorder word vir addisionele dienste nie en dat bostaande versoeke van die Yzerfontein Toerismeburo goedgekeur word;
- (c) Dat goedkeuring verleen word vir die gebruik van die hawe vir die kerssangliedere (Carols by Candlelight) op 23 Desember 2020, en dat die toerismeburo vrygestel word van die gebruiksregtarief, met dien verstande dat die area vir die kerssangliedere beperk word tot die gedeelte grond (1001 m²) in die hawe wat aan die Munisipaliteit behoort;
- (d) Dat die voorskrifte rakende COVID by alle byeenkomste eerbiedig sal word.

6.9 UITSTAANDE DEBITEURE: SEPTEMBER 2020 / (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

Die voorsitter, ondersteun deur die Direkteur: Finansiële Dienste, noem dat dit kommerwekkend is dat die uitstaande debiteure tot ±R38 miljoen toegeneem het. Hierdie toename word nie slegs toegeskryf aan die negatiewe ekonomiese impak van Covid-19 nie, maar ook deur wanbetalers.

BESLUIT dat kennis geneem word van die stand van uitstaande debiteure teen Oktober 2020 soos met die sakelys gesirkuleer.

6.10 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT dat kennis geneem word van die vordering met uitstaande versekeringseise vir die periode eindigend 31 Oktober 2020.

6.11 VERKOOP VAN UITGEDIENDE BATES PER OPENBARE VEILING (6/1/3)

Die Batebestuursbeleid reguleer die beskikking van bates deur te verseker dat dit regverdig, billik, deursigtig, mededingend en koste-effektief geskied en dat daar voldoen word aan die Voorsieningskanaalbestuursbeleid van die Munisipaliteit.

Die kriteria vir wegdoening van bates behels die volgende:

- Die bruikbare leeftyd van die bate het verstryk;
- Die bate is verouderd;
- Dit is onekonomies om die bate te herstel of dit is onherstelbaar.

BESLUIT

Dat goedkeuring verleen word dat die uitgediende bates, soos gelys, tydens die openbare veiling verkoop word en dienooreenkomstig vanaf die bateregister verwyder word.

6.12 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN VULLISVERWYDERINGSVRAGMOTOR, CK 21988 (8/1/B/2)

Die vullisverwyderingsvragmotor, CK 21988 word gebruik in Riebeek-Wes en Riebeek Kasteel vir die verwydering van vullis. Die kompakteerder van die vullisvragmotor het onklaar geraak en dringende herstelwerk is benodig.

Besluit/...

6.12/...

BESLUIT

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge klousule 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die aksie van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word om goedkeuring te verleen vir dringende herstelwerk aan die vullisverwyderingsvragmotor, CK 21988 deur Transtech ten bedrae van R45 520,68 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
 - (i) Die vullisverwyderingsvragmotor sou vir 'n geruime tyd buite werking gewees het;
 - (ii) 'n Onderbreking in die vullisverwyderingsdiens kan 'n groot gesondheidsrisiko vir die publiek inhou;
 - (iii) Die herstelwerk aan die vullisverwyderingsvragmotor is as 'n noodsituasie hanteer;
- (d) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde rede as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

6.13 TENDER L02/20/21: VERVREEMDING VAN MUNISIPALE ONROERENDE EIENDOM (KERKPERSEEL) TE RIEBEEK-WES (12/2/B)

Die Raad het op 30 Julie 2020 in beginsel goedkeuring verleen dat Erf 2349, Riebeeck-Wes (kerkperseel) by wyse van 'n openbare mededingende proses vervreem word.

Daar is op 8 September 2020 op tender uitgegaan vir die vervreemding van Erf 2349, Riebeeck-Wes. Teen die sluitingsdatum van 2 Oktober 2020 is daar twee tenders ontvang.

Beide tenderaars is egter gediskwalifiseer omrede een tenderaar gelde verskuldig is aan die Munisipaliteit en die ander tenderaar nie die minimum vereiste van 70% kon behaal het met die evaluering van die ontwikkelingsvoorstelle nie.

BESLUIT

- (a) Dat kennis geneem word dat beide die tenders wat ten opsigte van Tender L02/20/21 ontvang is, gediskwalifiseer is vir die redes soos gemeld in die verslag, en dat die betrokke tenderaars dienooreenkomstig in kennis gestel is;
- (b) Dat daar verder kennis geneem word dat gemelde onroerende bate (Erf 2349, Riebeeck-Wes) nie in die nabye toekoms oorgedra sal word nie, en dat tenders mettertyd weer gevra sal word in hierdie verband.

**(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER**